

Sing vooraf staande: Psalm 104:1, 2, 21 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlijkheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans; die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.
- 21 Al wie die HEER se lof mishag, / laat hul soos stof voor wind vervaag! My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd; u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit! Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer! Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:7, 9 (p. 117)

- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees; en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees. 'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het, want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.
- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely; neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my! HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig, want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

Skrifberyming 9-1:3, 4 (26:3, 4)

- 3 Ek tog, Ek ywer teen my haters; / maak dan geen beeld om dié te aanbid; Ek straf hul streng, die wetverlaters, / tot in die derde en vierde lid.
- 4 Maar Ek bewys barmhartighede / en bly aan duisende getrou, wat tot My kom met hul gebede / en wat my wette onderhou.

Skriflesing: Eksodus 33:12-34:18; Heidelbergse Kategismus, Sondag 35

Kernvers: Eksodus 20:4-6

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jalouse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan

duisende van die wat My liefhet en my gebooi onderhou.
(Eksodus 20:4-6 AFR53)**Heidelbergse Kategismus**

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).

(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).

(a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Vraag 98: Mag ons beelde as “boeke van die leke” in die kerkgeboue toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).

(a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Tema: Die tweede gebod openbaar God se wese aan ons

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dink jouself in: Iemand kom jou tegemoet om met jou te gesels, maar in plaas daarvan dat hy na jou kyk terwyl hy met jou gesels, kyk hy die healtyd na iets of iemand anders in plaas van na jou. Aan die een kant sal jy beledig voel, want dit lyk asof hy eerder met iemand anders as met jou wil praat. En aan die ander kant sal jy wil sê: Kyk vir my as jy met my praat. Ek is mos nie die ander persoon na wie jy kyk terwyl jy met my praat nie.

As ons dit begryp, sal ons iets kan begryp van die belediging wat mense die Here aandoen wanneer hulle eerder na beelde of afbeeldings wil kyk as om die Here te vereer soos wat Hy in sy Woord aan ons openbaar. Daarom eis God in die tweede gebod dat ons Hom op geen enkele manier mag afbeeld nie. In die tweede gebod, soos die Here dit aan ons afkondig in Eksodus 20, is daar drie dinge aangaande sy Wese wat Hy aan ons openbaar. Die Here openbaar sy heerlijkheid aan ons, Hy beklemtoon dat Hy die jaloerse God is, en Hy vertoon ook sy barmhartigheid aan ons.

Omdat baie mense die eerste en die tweede gebod met mekaar vermeng en nie die onderskeid raaksien nie, is dit nodig dat ons eers vir onself duidelikheid kry oor die onderskeid tussen hierdie twee gebooi. In die *eerste gebod* word ons beveel om nie 'n *verkeerde god* te dien nie, want dan pleeg ons afgodery. In die *tweede gebod* word aan ons voorgehou dat ons die regte God, ons Verbondsgod, nie *op 'n verkeerde manier* mag dien nie. Dit gaan dus oor die regte diens aan God. In die tweede gebod sê die Here aan ons dat Hy die jaloerse God is. Hy sal nie toelaat dat 'n mens sy heerlijkheid vertrap en minag nie. Dus, grondliggend aan die tweede gebod is die heerlijkheid en majesteit van God. Daarom antwoord ons: **God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie.**

Wanneer die Here hierdie eis aan ons stel, is Hy nie besig om ons te verarm nie. Hy leer ons eerder 'n baie belangrike saak aangaande Homself. God self is so verhewe en sy heerlijkheid is so groot dat daar niks is wat met Hom vergelyk kan word nie – nie in die hemel nie, nie op die aarde nie en ook nie in die water onder die aarde nie. God is verhewe bo die ganse skepping. Daarom is daar niks in die hele skepping wat gebruik kan word om die Here in sy heerlijkheid af te beeld nie. Intendeel, enige afbeelding wat

gemaak word, sal 'n belediging vir die Here wees.

Dit is dus geheel en al onmoontlik om die onsienlike God, wat Homself met sy lewende Woord aan ons openbaar, af te beeld. Dit is waarom Jesus aan die Samaritaanse vrou gesê het:

God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.
(Johannes 4:24 AFR53).

Iemand sal miskien nou kan sê: Maar hoor hier, ons hier in die Gereformeerde Kerk Bellville weet hierdie dinge. Ons kan en wil God glad en geheel nie afbeeld nie. Buitendien is ons Kategismus opgestel in die tyd toe die stryd teen die Roomse dwalings op die spits gedryf was. Dus is hierdie vrae en antwoorde eerder onderrig vir die mense wat in die Roomse Kerk grootgeword het sodat hulle kan verstaan hoekom die kerkgeboue van die gereformeerdes so kaal en leeg is en die preekstoel so 'n sentrale plek in die gebou het.

Ons moet onself egter nie so gou verontskuldig ten opsigte van die tweede gebod nie. Ons moet ook nie net oor die draad kyk hoe die Roomse Kerk die gebod oortree nie. Wanneer die Here Homself in hierdie gebod aan ons openbaar, behoort ons onself af te vra: Hoe dien ons die Here? Wat dink ons van die Here wanneer ons Hom aanbid? Is ons gedagte aangaande God altyd in volle ooreenstemming met sy openbaring van Homself?

Let weer op wat bely ons: **Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.** Wanneer die Here eis dat ons Hom nie mag afbeeld nie, praat Hy nie net van hout- of klipbeelde van Hom nie. Hy praat ook van wat ons in ons gedagtes doen. Wanneer ons in ons gedagtes 'n beeld van God vorm wat nie ooreenstem met sy openbaring van Homself nie, staan ons skuldig ten opsigte van die tweede gebod. Dit is immers wat Adam en Eva reeds na die sondeval gedoen het.

Toe hulle God in die tuin gehoor het, het hulle agter die bome weggekrui met hulle vyeblaarrokkies aan. Wat het hulle van God gedink toe hulle vir Hom weggekrui het? Dis reg. Hulle het gedink dat God hulle nie sou sien nie. Hoe baie maal doen ons nie ook 'n sonde nie en dan kyk ons rond of iemand ons gesien het. En as ons oortuig is dat niemand ons gesien het nie, dan veronderstel ons dat God ook nie gesien het nie. Maar dit is nie wat ons van God leer in die Bybel nie. Hy is die God wat ons altyd sien. Dawid het in Psalm 139 geskryf dat 'n mens nêrens heen kan gaan om van God af weg te kom nie. Hy is oral teenwoordig. Hy sien alles altyd raak.

Daar is selfs mense wat in hulle gedagtes die denkbeeld het dat God nie hoor as hulle bid nie. Hulle stel vir hulleself 'n God voor sonder ore. Maar in die Woord hoor ons dat God nie net die gebede van sy mense hoor nie, Hy luister daarna (Ps 18:7). Selfs wanneer 'n mens tot die Here bid sonder om baie goed te besef dat 'n mens die Almagtige en Ewige aanroep, is 'n mens besig om Hom van sy eer te beroof. 'n Mens kan tog nie op 'n traakmy-nie-agtige wyse met die Here praat in gebed nie. Hy is immers God en ons is mense wat vir elke asemteug van Hom afhanklik is.

Of dink jouself in wat doen iemand wat in groot verdrukking verkeer van watter aard ook al, maar in sy gedagtes het hy die idee dat God hom nie uit daardie nood kan verlos nie. So 'n mens maak asof God dan magteloos sal wees, terwyl die Here Homself juis as die almagtige God openbaar vir wie niks onmoontlik is. Ook is geen mens te sondig dat die Here hom nie kan verlos nie. Wie te kenne wil gee dat dit vir God onmoontlik is om iemand

te verlos, het nog nie mooi gehoor wat die Here van Homself sê nie. Paulus het hoevele kere in verwondering geskryf dat die Here juis hom, wat soveel onreg aan die Here Jesus en sy kerk gedoen het, ook gered het. Daarmee het Paulus juis beklemtoon hoe groot die Here se genade inderdaad is. Daarom moet niemand sê dat iemand nie deur God gered kan word nie. Jesus sê immers:

Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. (Johannes 6:37 AFR53)

Daar is ook mense wat God net sien as die God van liefde en barmhartigheid en genade en nie ook as die God wat die sonde nie ongestraf laat bly nie maar selfs besoek aan die kinders tot in die derde en die vierde geslag. Maar daar is ook weer mense wat aan die ander kant God net sien as die toornige God wat die sonde haat en daarom kan hulle Hom beswaarlik om genade en vergifnis smee en vlug hulle nie eers tot Jesus, die Borg en Middelaar wat God self gegee het nie. Albei hierdie sienings van God is vals. Dit is nie hoe God is nie. Hy is inderdaad die heilige God wat die sonde nie ongestraf laat bly nie, maar Hy is ook barmhartig en genadig en wil die sondes van sy mense vergewe. Daarom het Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur waarin Hy Homself verneder het deur 'n mens te word.

Ons kom dus agter dat ons van nature tog maar geneig is om God van sy eer en heerlijkheid te beroof omdat ons maklik denkbeelde van God in ons gedagtes kan vorm wat nie is soos wat die Here self is nie.

Daar is net een manier om te keer dat ons nie skuldig word aan die tweede gebod nie. Ons moet aan die Here dink soos wat Hy Homself aan ons openbaar. Daarom is gereelde en getroue Bybelstudie eintlik ononderhandelbaar vir elke Christen. Dit is immers in hierdie ses en sestig boeke waarin die Here self vir ons in mensetaal vertel hoe en wie Hy werklik is. Ons hoor dat Hy van Homself 'n beeld gemaak het. Hy het die mens na sy beeld geskep. Maar toe die mens in sonde geval het, het die beeld van God in die mens ook aan skerwe gespat sodat ons nouliks nog die beeld van God in onself herken. Van die ware geregtigheid en heiligheid wat in ons was, sien ons amper niks meer raak nie.

Maar daar het ons troue God dit nie gelaat nie. Hy het Homself aanhoudend aan die mens geopenbaar – dwarsdeur die Ou Testament totdat die tyd ryp geword het om Homself volledig in sy Seun aan ons te openbaar. In sy Seun Jesus Christus het God sy hart aan ons kom openbaar.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

En onthou u nog wat ons in Hebreërs 1 al gelees het:

Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte. (Hebreërs 1:1-13 AFR53)

Hoor net wat sê God vir ons. Hy het Homself in sy heerlijkheid en krag en majesteit in Jesus Christus geopenbaar. Jesus Christus is dus inderdaad die beeld van die onsienlike God. Daarom het Jesus gesê dat die een wat Hom gesien het, ook die Vader gesien het

(Joh 14:9). Omdat God Homself volledig in sy Seun aan ons geopenbaar het en die Heilige Gees dit vir ons neergeskryf het, het God sy besondere openbaring van Homself afgesluit. En nou is die Heilige Gees besig om met hierdie besondere openbaring in en met mense te werk. Aan die uitverkorenes gee Hy die ware geloof sodat hulle oë kan oopgaan om God regtig te leer ken as die barmhartige, genadige en regverdige God. En hoe doen die Heilige Gees dit? Hy vestig die uitverkorenes se aandag op Jesus Christus – die verpersoonliking van die heerlijkheid van God. Hy doen dit sodat ons in verwondering en aanbidding sal staan voor God oor sy heerlijkheid en majesteit. Maar nog meer, Hy vestig die uitverkorenes se aandag op Jesus sodat hulle kan sien waarheen Hy met sy vernuwingswerk in hulle op pad is. Hy vernuwe hulle al hoe meer sodat hulle ook hoe langer hoe meer aan die beeld van Christus gelyk word om self die heerlijkheid van God te weerspieël (2 Kor 3:18).

In die tweede gebod openbaar die Here dus sy heerlijkheid en majesteit aan ons. Daarom moet ons in eerbied voor Hom buig en Hom alleen dien en eer soos wat Hy Homself openbaar. Maar die Here beklemtoon ook dat Hy die jaloerse God is. Omdat Hy die jaloerse God is, hoor ons ook 'n verskriklike dreigement uit die mond van die Here:

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat. (Eksodus 20:5 AFR53)

Die Here beklemtoon die feit dat Hy die jaloerse God is deurdat Hy in Eksodus 34:14 sê dat sy Naam *Jaloers* is – Jaloers met 'n hoofletter. Wanneer God Homself Jaloers noem, praat Hy van sy verbondsverhouding met sy volk. Met hierdie Naam sê die Here self dat Hy sy volk se Man is en sy volk is sy vrou. Omdat Hy heilig jaloers is en omdat Hy God is, eis Hy al sy volk se liefde en toewyding net vir Homself op. Dit is tog wat 'n man en 'n vrou van mekaar verwag wanneer hulle met mekaar getroud is. Elkeen is geregtig op al die getrouheid van die ander een omdat hulle dit aan mekaar beloof het.

Geen geskenk kan getrouheid vervang nie. 'n Man kan sy vrou oorlaai met soveel geskenke en blomme as wat hy wil, maar as sy vrou wonder oor sy getrouheid aan haar sal daardie geskenke en blomme niks verbeter nie. Die Here sê dit ook vir sy volk:

Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die HERE te red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word; want Hy bring vernietiging, ja, 'n verskriklike, oor die inwoners van die aarde. (Sefanja 1:18 AFR53)

Hoor ons wat die Here hier sê? Hy eis ons hele hart vir Homself op, want Hy het sy hele hart vir ons gegee toe Hy sy Seun aan die kruis vir ons sondes geoffer het. Hy het niks teruggehou om sy liefde en trou aan ons te verklaar en te bewys nie. Hy verwag dat ons ook niks van Hom sal terughou nie. Maar wanneer ons valse denkbeelde van die Here in ons gedagtes vorm en daardie God in ons gedagtes aanbid, is ons nie meer getrou aan die Here soos wat Hy aan ons getrou is nie. En die Here sê dat Hy die misdaad van hierdie mense sal besoek tot in die derde en vierde geslag van hulle wat Hom haat.

Kan 'n mens nou uit hierdie dreigement van die Here aflei dat ek en my kinders en kleinkinders deur die Here gestraf sal word oor die sonde van my pa? Nee, wie so 'n afleiding maak, maak weer 'n valse denkbeeld van God. Die misdaad van die vader word nie outomaties gestraf aan die kinders tot in die derde en vierde geslag nie. In Esegïël 18 hoor ons hoe Israel die Here hiervan beskuldig het. Omdat hulle ouers teen die Here gesondig het, sê hulle, word hulle nou gestraf. Die Here sê self dit is nie hoe dit werk nie. Elke mens staan vir sy eie sonde verantwoordelik voor die Here.

In hierdie dreigemente sê die Here dat wanneer 'n pa en 'n ma 'n valse denkbeeld van die Here het en dit in hulle woorde en optrede aan hulle kinders oordra, gaan hulle kinders dit ook aan hulle kinders oordra. Dit is hoe dit ongelukkig gewoonlik werk. Wanneer ons as ouers nie graag met ons kinders praat oor wat die Here in 'n erediens of tydens katkisasie vir ons gesê het nie, maar ons praat eerder oor allerhande alledaagse goed, dra ons aan ons kinders die gedagte oor dat 'n mens oor die Here praat net by die kerk en katkisasie. Die Here is nie belangrik genoeg om ook ander tye oor Hom te praat nie. Ons kinders gaan aan hierdie praktyk gewoon raak, want ons maak hulle so groot en hulle gaan dit ook weer aan hulle kinders oordra. So dra ons ouers baie dinge aangaande God oor aan ons kinders sonder dat ons doelbewus besluit het om dit te doen. Wanneer die skoolvakansie aanbreek, gaan ons nie meer so gereeld na die erediens nie. Kinders leer dat die Here net Here is vir die skoolkwartaal, en in die vakansie is die Here ook met vakansie. Dit is nie wat ons in Psalm 121 van die Here leer nie.

Dank die Here dat hierdie patroon van valse denkbearde oordra aan die nageslag nie 'n noodwendige patroon is nie. In sy groot genade kan die Here self hierdie patroon verbreek. Hy het dit byvoorbeeld met koning Hiskia van Juda gedoen. Hiskia se pa, koning Agas, het nie die Here gedien nie, maar in Hiskia se lewe het die Here bekering gewerk sodat hy nie soos sy pa gelewe het nie. So kan die Here dit vandag steeds doen. Maar met hierdie dreigement dwing die Heilige Gees elke pa en ma vanoggend om ernstig selfondersoek te doen oor wat ons bewustelik en onbewustelik aan ons kinders oordra oor wat ons van die Here dink.

God is inderdaad jaloers oor ons trou aan Hom en Hy dreig hulle wat ontrou word aan Hom. Maar daar is nog meer wat die Here van Homself openbaar:

en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooi onderhou. (Eksodus 20:6 AFR53)

Die Here openbaar dus in die tweede gebod sy heerlikheid aan ons. Hy beklemtoon dat Hy die jaloerse God is, maar Hy betoon Homself ook as die barmhartige God. Hy bewys sy barmhartigheid aan duisende geslagte wat Hom liefhet en Hom gehoorsaam. En hoor nou net hoe graag die Here sy barmhartigheid wil bewys. Hy bewys sy barmhartigheid tot in die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en gehoorsaam. Sy toorn oor die misdade laat Hy drie vier geslagte lank duur, maar sy barmhartigheid vir duisende geslagte.

God wil so graag sy barmhartigheid gee aan sy mense dat Hy selfs sy eie geliefde Seun oorgegee het om in hulle plek die straf ook op die tweede gebod te dra. En omdat Hy Homself as die barmhartige God aan ons openbaar, roep Hy ons om in Jesus Christus by Hom om vergifnis te smee vir die valse denkbearde wat ons vir onself gevorm het van Hom, vir die valse denkbearde wat ons as ouers aan ons kinders oorgedra het. Wie opreg en eerlik om vergifnis smee, sal dit ook by Hom vind, want Hy is die barmhartige God wat ons sonde aan sy Seun gestraf het.

Hoe gaan ons dit dus regkry om meer getrou aan die Here te lewe ten opsigte van die tweede gebod? Die Heilige Gees moet ons lei om deur middel van die Woord die Here nog beter te leer ken. En ons gaan die Vader juis deur Jesus Christus leer ken in sy heerlikheid, krag, ywer en barmhartigheid. Laat ons onself in die Woord van die Here verdiep onder leiding van die Heilige Gees, en mag ons telkens nog meer van die heerlikheid van die Here leer ken.

Amen!

Slotgebed

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 November 2014